



## Hoe om 'n kopie van data te maak vir rugsteun (sekuriteit) of om aan Software Farm te stuur

As daar 'n Dataintegriteit opsie by Transaksies is, doen dit eers om te verseker dat die data in 'n goeie toestand is.


Plaas die geheustokkie in die rekenaar, en let op watter letter (Gewoonlik E:, F:, G:, H:) die rekenaar aan hom toeken, of kry 'n plek op die hardeskyf waar u sal weet om weer later die rugsteunlêer te kry. (Die rugsteun word nie noodwendig vanselfsprekend in die data folder gestoor nie.)

- Kies File | Rugsteun/Herstel
- Kies Backup bo aan die skerm
- Klik op die Drive knoppie



Kies nou die letter van die geheustokkie onderaan die skerm, of klik op c:\ in die groter blokkie en volg die pad tot by die plek waar u die rugsteun wil stoor. Druk OK om daardie skerm toe te maak, en klik dan op Backup in die blou skerm.


'n Boodskap word vertoon as die proses suksesvol voltooi is.



## Om die rugsteun per e-pos te stuur

Gaan na die plek waar die rugsteunlêer gestoor is (Geheustokkie of plek op C:)


Regsklik op die .ZIP lêer en kies Send to, dan mail recipient. As jou mail oopmaak, tik die adres in die To... Veld en stuur.



## Om rugsteun met FileGooi te stuur (as email nie werk nie)

Soms is die rugsteunlêer te groot of jou e-pos verskaffer wil nie ZIP lêers aflewer nie. Dan kan ons die data met filegooi stuur.

Kliek op die skakel <http://filegooi.co.za/uploadbay/Johane>. Kliek op Browse, en gaan na die plek waar die rugsteunlêer gestoor is (Geheuestokkie of plek op C:). Kliek op SFF.zip, dan op open. Kliek dan op Gooi.



## Om rugsteun te ontvang vanaf Software Farm se FileGooi


Kliek op die skakel wat ons per e-pos stuur om die data te kry, bv <http://filegooi.co.za/get2/0fdedf7eeaa92b42dd114c33ecf5d27/SFFtest.zip>. Jy sal die opsie kry om die lêer te stoor, of dit sal direk na jou PC se Downloads folder toe gaan. Kies 'n plek op jou C: skyf, bv C:\SOFTFARM\DATA001, of op 'n geheuestokkie. Daar mag geen spasies in die folder- of lêername wees nie.

## Om data te herstel

Maak seker jy weet waar die lêer op die hardeskyf of geheuestokkie is, en na watter datastel jy wil herstel. Kliek in die program op File | Rugsteun/Herstel.

Kies die datastel waarvoor jy die data wil herstel. Onthou dat die vorige data oorskryf word as jy 'n rugsteun herstel. Kliek op Ja as die program vra of jy 'n data-integriteitstoets gedoen het.

Kliek op Restore, dan Drive en kies die folder waar die rugsteunlêer is. Dit moet in die oorspronklike vorm, bv. SFF.zip, DUT.zip of LNW.zip wees. (Behalwe as jy dit direk in die blou skerm in die datastel se folder kan sien.) Kliek op OK aan die linkerkant, en op Restore in die blou skerm.



Kies weer die datastel voor jy verder gaan. Maak die Backup/Restore skerm toe en gaan weer in die program na File | Kies 'n datastel om die vars datastel te kies.

